# RIGLYNE OM EKSAMENVRAESTELLE OP TE STEL
# ASSESSERINGSMETODES EN –TEGNIEKE VIR TALE
# &
# SPESIFIEKE INHOUDSKENNIS

(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

**Henk Viljoen**
**NB-Uitgewers/Publishers**
**henk.viljoen@nb.co.za**
**082 5655 145**

**Alle voorbeeld vanuit *Piekfyn Afrikaans* en Bladsakreeks van *Best Books*.**

# INLEIDING

- Die "ongeletterdes" van die 21ste eeu sal nie diegene wees wat nie kan lees en skryf nie, maar diegene wat nie kan leer, ontleer en herleer nie.
- Die NKV/KABV-kurrikulum stel 'n meer sikliese model van lewenslange leer daar, wat essensiële vaardighede, waardes en houdings insluit wat leerders benodig om 'n veranderende wêreld te kan hanteer.
- Leerders is geneig om op nuwe en verskillende maniere te leer, bv. deur die internet, DSTV, onafhanklike navorsing en eksperimentering.

(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

# DOKUMENTASIE

**Gebruik te alle tye die**:

- Nasionale Protokol van Assessering GR R-12
- Kurrikulumverklaring en Assesseringsriglyne vir Grade 10-12

(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

**ENIGIETS**

**WAT DIE MOEITE WERD IS OM TE DOEN,**

**IS DIE MOEITE WERD OM GOED TE DOEN.**

(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

# ASPEKTE OM IN AG TE NEEM

- Differensieer deur taksonomieë te gebruik.
- Kies die geskikste taksonomie vir u vakgebied en wat u wil toets.
- Besluit hoe u leerders met verskillende vermoëns in staat sal  stel om hul potensiaal te bereik.
- Gebruik verskillende taksonomieë in u vraagstelling:
  - Bloom
  - Barrett

# BLOOM EN BARRETT

| Bloom | Barrett |
| --- | --- |
| Kennis | Letterlik |
| Begrip | Letterlik |
| Toepassing | Herorganisasie |
| Analise | Afleiding |
| Evaluering | Evaluering |
| Sintese | Waardering |

(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

# BARRETT SE TAKSONOMIE

**Kategorieë van vrae**

- **Letterlik:** Herken en herroep idees en inligting in die teks
- **Herorganisasie:** Organiseer die inligting en idees in die teks op 'n ander manier
- **Gevolgtrekking:** Gebruik die idees en inligting in die teks om 'n afleiding te maak
- **Evaluasie:** Vel 'n waardeoordee**l**
- **Waardering:** Bewys estetiese en emosionele sensitiwiteit teenoor die idees en inligting in die teks

(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

# PIEKFYN

# AFRIKAANS

# HUISTAAL

# GRAAD 12

**Postluister: Beantwoord nou die volgende vrae oor die teks in jou werkboek.**

***Letterlike begrip***

1. Die Boksombende het 'n belangrike musiekkompetisie gewen. Noem die naam van die kompetisie. (1)
2. Noem twee aspekte wat Takhaar as die geheim beskou om die kompetisie te wen. (2)

***Herorganiseer***

3. Skryf neer hoe die groep verander het sedert die vorige jaar toe hulle naaswenners in dieselfde kompetisie was. (2)

***Afleiding***

4. *Chick Magnet* se naam kan hom moontlik karakteriseer. Watter afleiding kan jy maak? (1)
5. Vergelyk die ooreenkomste met Trompie en sy pelle wat aanleiding gegee het tot hierdie *band* se naam. (1)
6. Wat is die groot verwagting van die groep nadat hulle die kompetisie gewen het? (1)
7. Watter bewys het jy uit die teks dat die groep goed saamwerk? (1)
8. Die taalgebruik gee 'n sterk aanduiding van die teiken-groep. Watter afleiding maak jy uit die taalgebruik? (1)
9. Watter idiomatiese uitdrukking in die teks sê vir jou die groep is ernstig oor hulle musiekloopbaan? (1)




***Evaluering***

10. Dink jy hierdie groep heg baie waarde aan talent? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)
11. Stem jy saam met *Chick Magnet* se slotopmerking dat houding en skreeuende kitare 'n bewys is dat hulle baie geoefen het? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

***Waardering***

12. Sou jy sê hierdie onderhoud het die groep goed genoeg bekendgestel? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)
13. Wat is jou siening van hierdie groep na afloop van die onderhoud? Dink jy hulle gaan werklik naam maak in die bedryf? (1)

**Totaal: 15 punte**

(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS


MOTIVATION
A little less food, shorter naps & you can do it Tuxedo! I know you can!

# KABV

**Tabel 3: Kognitiewe vlakke vir assessering**

| Kognitiewe vlakke | Aktiwiteit | Persentasie per taak |
|---|---|---|
| **Letterlik**<br><br>**(Vlak 1)** | Vrae wat handel oor inligting wat direk / eksplisiet in die teks staan.<br>• Noem die dinge / mense / plekke / elemente ...<br>• Noem die feite / redes / aspekte / idees ...<br>• Identifiseer die redes / persone / oorsake ...<br>• Maak 'n lys van die aspekte / feite / name / redes ...<br>• Beskryf die plek / persoon / karakter ...<br>• Vertel van die insident / episode / ervaring ... | **Vlakke 1 en 2: 40%** |
| **Herorganisering**<br><br>**(Vlak 2)** | Vrae wat analise, sintese of herorganisasie van inligting vereis wat direk / eksplisiet in die teks staan.<br>• Maak 'n opsomming van die kerngedagtes / voordele / nadele ...<br>• Gee die verskille / ooreenkomste ...<br>• Gee 'n oorsig van ... | |

(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

# STAPPE OM 'N EKSAMENVRAESTEL OP TE STEL

1: Ontwerp 'n raamwerk.

2: Stel die vaardighede/ onderwerp vas.

3: Neem die formaat van die bepaalde eksamenvraestel in ag.

4: Gebruik genoeg hulpbronne.

5: Bepaal die puntetoekenning van elke onderafdeling.

6: Breinstorm verskillende tipe vrae.

7: Slaan ag op die kognitiewe vlakke en taksonomieë.

8: Verseker die korrekte balans tussen maklik en moeilik.

9: Steier die vrae (d.w.s. vrae moet na mekaar lei).

10: Stel die vrae en memorandum terselfdertyd op.

11: Toets die tydsindeling en helderheid van vraagstelling.

(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

# STAP 1: ONTWERP 'N RAAMWERK

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA


**DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION 2012 ANNUAL NATIONAL ASSESSMENTS GRADE 6 FIRST ADDITIONAL LANGUAGE TEST FRAMEWORK: 1½ HOURS**

| Question number | Assessment technique | Skills/ competencies assessed<br>Testing whether the learner is able to… | Cognitive Level | Type of item (MCQ/SA/OEQ) | Level of Difficulty | Score |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Choosing the best title for the story from alternatives | understand some elements of stories: title | C | MCQ | E | 1 |
| 2 | Choosing the correct answer to show understanding of setting. | understand some elements of stories: setting | K | MCQ | E | 1 |
| 3 | Choosing the correct answer to show understanding of plot. 3.1, 3.2 | understand some elements of stories: plot | C | MCQ | E | 2 |
| 4 | Choosing the correct answer to show understanding of character. 4.1, 4.2 | understand some elements of stories: characters | C | MCQ | E | 2 |
| | Responding to a direct question. 4.3 | | C | SA | E | 1 |
| | Responding to a direct question 4.4 | | C | OEQ | M | 1 |
| 5 | Responding to a direct question. | write to communicate information: express an opinion and give reasons for it | A | OEQ | M | 2 |

(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

# STAP 2: VAARDIGHEDE EN ASPEKTE/ONDERWERPE

**Raadpleeg te alle tye die betrokke NKV/KABV-dokument om seker te maak van die vereiste gewig wat sekere vaardighede/aspekte in 'n vraestel dra.**




(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

# STAP 3: NEEM DIE FORMAAT VAN ELKE VRAESTEL IN AG

Formaat van Vraestel 1, 2 en 3

<table>
<tr><th>Vraestel</th><th colspan="3">Afdeling</th><th colspan="2">Punte</th><th>Tyd</th></tr>
<tr><td rowspan="12">1. Taal in konteks</td><td colspan="3">A: Leesbegrip<br>('n Verskeidenheid tekste kan gebruik word, insluitend visuele en / of grafiese tekste.)<br>Leerders behoort die impak van tegnieke soos die gebruik van lettertipe en -grootte, opskrifte en byskrifte, ens., te identifiseer en te verduidelik.</td><td rowspan="5">30</td><td rowspan="12">70</td><td rowspan="12">Graad 10-12:<br>2 uur</td></tr>
<tr><td>Graad</td><td colspan="2">Lengte van die teks (woorde)</td></tr>
<tr><td>10</td><td colspan="2">500-600</td></tr>
<tr><td>11</td><td colspan="2">600-700</td></tr>
<tr><td>12</td><td colspan="2">700-800</td></tr>
<tr><td colspan="3">B: Opsomming: Die teks behoort nie een van die begripstekste te wees nie.</td><td rowspan="5">10</td></tr>
<tr><td>Graad</td><td>Lengte van die teks (woorde)</td><td>Lengte van die opsomming (woorde)</td></tr>
<tr><td>10</td><td>Ongeveer 280</td><td rowspan="3">80-90</td></tr>
<tr><td>11</td><td>Ongeveer 320</td></tr>
<tr><td>12</td><td>Ongeveer 350</td></tr>
<tr><td colspan="3">C: Taalstrukture en -konvensies (assesseer binne konteks)<br>• Woordeskat en taalgebruik<br>• Sinstrukture<br>• Kritiese taalbewustheid</td><td>30</td></tr>
</table>

(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

# STAP 4: HULPBRONNE

- **Versamel op 'n gereelde basis uit verskillende mediabronne geskikte materiaal vir vraestelle**
- **Verseker dat elke hulpbron aan die geskikte moeilikheidsgraad van die betrokke graad voldoen (merk elkeen, soos dit versamel word, met die betrokke graad waarvoor dit geskik sal wees)**

(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

# STAP 5: BEPAAL DIE PUNTETOEWYSING VIR ELKE VAARDIGHEID

- Die finale punt vir 'n vraag kan slegs bepaal word nadat die nasienmemorandum daarvan voltooi is.
- Verseker dat vrae met 'n oop einde genoeg punte tel - waar daar van die leerder verwag word om te differensieer in die antwoord. (Meesal 2 punte)

(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

# STAP 6: BREINSTORM VERSKILLENDE VRAAGTIPES

- **Multi-keuse (fyn verskille om werklike kennis te toets)**
- **Afparing/ vergelykend (ooreenkomste en verskille)**
- **Interpretasie van diagramme, tabelle en grafieke**
- **Essay-tipe vrae (lang/opstelvrae)**
- **Inhoudsvrae/ Brongebaseerde vrae**
- **Oop-einde-vrae**
- **Spesifieke vrae**
- **Kontekstuele vrae**
- **Transaksionele skryfwerk/respons**
- **Waar en onwaar**

# STAP 7: NEEM KOGNITIEWE VLAKKE EN TAKSONOMIEË IN AG

- Daar moet vir leerders met elke verskillende tipe vaardigheid in die vraestel voorsiening gemaak word.

- Onthou dat die taksonomieë nie die moeilikheidsgraad van 'n vraag reflekteer nie, maar eerder 'n tipe denkproses.

(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

# STAP 7 VERVOLG: KOGNITIEWE VLAKKE EN TAKSONOMIEË

| Bloom | Barrett |
|---|---|
| Kennis | Letterlik |
| Begrip | Letterlik |
| Toepassing | Herorganisasie |
| Analise | Afleiding |
| Evaluering | Evaluering |
| Sintese | Waardering |

(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

# STAP 8: NEEM BALANS TUSSEN MAKLIK EN MOEILIK IN AG

- **Kognitiewe vlakke is nie altyd 'n goeie aanduiding van vlakke van moeilikheidsgraad nie:**
  - Bv. leerders met fotografiese geheues herroep inligting maklik, terwyl ander inligting moeilik onthou.

(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

# STAP 9:  STEIER VRAE

**Aangesien daar in elke vraestel  vir leerders van alle vaardigheidsvlakke voorsiening gemaak moet word, sal die onderstaande tabel help om moeilikheidsvlakke te balanseer:**

| | Toeganklik vir alle leerders wat verdien om te slaag | Toeganklik vir bo-gemiddelde leerders | Toeganklik vir die vaardigste leerders |
|---|---|---|---|
| | MAKLIK | MEDIUM MOEILKHEIDSGRAAD | UITDAGEND |
| 1.1<br>1.2<br>1.3<br>1.4 | | | |
| 2.1<br>2.2<br>2.3 | | | |
| ENS.. | | | |
| PUNTETOTAAL | | | |
| MIKPUNT | 30% = 90  PUNTE | 40% = 120 PUNTE | 30% = 90  PUNTE |

(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

# STAP 10: STEL DIE VRAE EN NASIENMEMORANDUM TERSTELFDERTYD OP

- Neem die geskikte assesseringsgereedskap in ag, bv. memorandum, matriks of albei
- Die memorandum moet akuraat wees
- Die memorandum moet voorsiening maak vir alternatiewe antwoorde
- Matrikse werk beter vir uiteenlopende- of oop-einde-vrae

(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

# STAP 11: TOETS TYDTOEKENNING EN DUIDELIKE INSTRUKSIES

- Verseker dat leerders die vraag binne die gegewe tyd sal kan beantwoord – toets jouself en vermenigvuldig die aangeduide tyd met drie.

- As onsekerheid heers m.b.t die duidelikheid van die vraagstelling, moet die onderwyser eers die vrae self probeer beantwoord.

(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

# NASIENRIGLYNE EN MEMORANDA

**Nasienriglyne fokus op**:

1. wat in die antwoord verwag word
2. wat relevant is m.b.t. die vraag
3. wat verrykend is m.b.t. die vraag.

Matrikse fokus op die kwalitatiewe vlakke van leerderprestasie en bevat beskrywings van die behaalde prestasievlak van 'n antwoord.

(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

**Leer my en ek sal vergeet**

**Wys my en ek sal leer**

**Betrek my en ek sal verstaan**

(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

# KENMERKE VAN 'N GOEIE TOETS

**Assesseringsbeginsels**

(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

# KENMERKE VAN 'N GOEIE TOETS (ASSESSERINGSBEGINSELS)

**Geldigheid** - dis die mate waartoe 'n toets meet wat dit veronderstel is om te meet

Daar is drie soorte geldigheid:

(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

# KENMERKE VAN 'N GOEIE TOETS (ASSESSERINGSBEGINSELS)

- **Geldige gesigswaarde** – beteken 'n toets lyk geldig: gaan die inhoud deeglik deur
- **Geldige inhoud** – beteken 'n toetsvrae dek elke belangrike aspek van die inhoud van 'n bepaalde gedeelte en die vrae behoort sodanig gestel te wees dat alle vaardighede van die onderwerp behoorlik getoets word.
- **Empiriese geldigheid** – beteken statistiese toetsuitslae bewys dis geldig: leerderuitslae korreleer met die kriteriatoetsing

**Betroubaarheid** – dui op die konsekwentheid waarmee 'n vraestel (memorandum) die vordering van leerders meet.

*Onbetroubaarheid* vind plaas:

- as die leerder nie die vraag kan verstaan of reg interpreteer nie – a.g.v. vaagheid, verkeerde numering of dubbelsinnigheid
- as eksaminators vrae na goeddunke mag nasien en interpreteer, sonder spesifieke nasienvoorskrifte/ memorandum

**Bruikbaarheid** – beteken die praktiese uitvoerbaarheid van 'n toets

- Die toetslengte moet inpas by die gestipuleerde tyd

  - as die toets te lank of kort is, is dit onprakties om as klastoets of eksamenvraestel oorweeg te word.

- Die toets moet maklik uitvoerbaar wees: duidelike instruksies moet gegee word t.w.v. effektiewe uitvoering deur die leerders en toetsbeampte
- Die administrasiefasiliteite moet in ag geneem word

(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

# TIPES EN FORMAAT VAN VRAE

- Verskillende soorte en maniere van vraagstelling maak voorsiening vir verskille in leerstyle, verskeie tipes intelligensies, verskillende leervlakke en moeilikheidsgrade
- Verskillende tipes en formate van vrae laat leerders toe om hul onderskeie vaardighede en bevoegdhede te wys
- Verskillende vraagtipes word ook aan die verskillende vlakke van Bloom en Barrett se taksonomieë gekoppel

(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

# NOG VERSKILLENDE WYSES VAN VRAAGSTELLING

- **Data respons** of die weergee van feite: eenvoudige reguit vrae
- Konvergerende (**samelopende**) vrae: antwoorde uit 'n reeks aanvaarbare korrektes wat van verskillende herkenningsvlakke mag getuig
- **Oop-eind**e (divergerende) vrae:  Genereer baie verskillende variasies en alternatiewe antwoorde

(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

- **Probleemoplossing**: kreatiewe, lewensgetroue uitbeelding, uitdagende vrae, nadenkende vrae, vrae oor waardes en sedes
- **Takserende vrae**: benodig gesofistikeerde vlakke van waardeoordeel
- **Ondersoekende vrae**: peil logika of struktuur en benodig verklaring/ motivering, daag uit, veronderstel, beredeneer en verskaf bewyse/ gevolge, impliseer, gee gevolgtrekking of perspektief

(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

# VERDERE SOORTE VRAAGSTELLING

**Waar- of onwaar-vrae** is:

- Geskik om inhoudskennisvlak te toets
- Om begrip of misverstande te evalueer
- Om konsepte met twee logiese response mee te toets

(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

**Afparing/ Ooreenkoms toets**:

- ❑ Inhoudskennisvlak
- ❑ Begripsvlak

- Die nadele hieraan verbonde is dat dit tydrowend is en nie hoër leervlakke toets nie.

* Wenke vir afparingsvrae

* Voorbeelde van afparingsvrae

(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

**Multi-keusevrae**:

- is die plooibaarste en waarskynlik die effektiefste van die objektiewe vraagtipes
- word in twee dele opgestel:

(1) die <u>kern</u>, waarin 'n spesifieke probleem gestel word en

(2) 'n lys moontlike oplossings/antwoorde, wat die <u>afleiers</u> genoem word.

(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

# MEER OOR MULTI-KEUSEVRAE

Multi-keusevrae kan egter ook gebruik word om hoër denkvaardighede te toets. Dit kan die volgende vlakke toets – afhangende van hoe kreatief die vraagsteller is om uitdagende vrae te stel:

- Vlak 1: Kennis
- Vlak 2: Begrip
- Vlak 3: Toepassing
- Vlak 4: Analise
- Vlak 5: Evaluasie

(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

**Kort-antwoordvrae** toets toepassing, sintese, analise en evalueringsvlakke

* Voordele:

- Maklik om op te stel
- Toets wie/wat/waar/wanneer-inhoud deeglik
- Verminder raaiwerk (Moet antwoord ken)
- Moedig deeglike studie aan

Essay/langvrae (uitgebreide, opsteltipe vrae met beperkte respons)

- verskaf 'n geleentheid om begrip en kreatiwiteit te toon
- bemoeilik dit vir leerders om begrip/kennis te bluf

# MEER OOR OPSTELVRAE

Die literêre essay (Inleiding, paragrawe, slot)

- Nuut in KABV vir grade 4-9
- Bv.(1) vertel 'n storie oor (2) wat gebeur in die storie (3) beskryf die hoofkarakter (4) verduidelik die intrige van die storie
- Dit word as respons op 'n stelling geskryf.
- Dit word as logiese en oortuigende argument aangebied.

* Wenke om 'n goeie literêre opstel te skryf

* Voorbeelde van literêre opstelle

(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

## Skryf 'n literêre opstel

Dit is baie belangrik dat jy *In 'n neutedop* deeglik bestudeer ter voorbereiding van dié soort opstel.

### In 'n neutedop

#### Die literêre opstel

- 'n **Literêre opstel** is nié 'n opsomming of samevatting van die storie of plot nie. Jy moet krities dink oor wat jy lees. Jy moet die literêre teks interpreteer, ontleed en evalueer. Jy gaan jou afleidings, insigte, menings en gevolgtrekkings neerskryf en dit staaf met bewyse uit die teksgedeelte of die teks as geheel.

#### Tema

- Wat is die tema van die roman? Op watter wyse dra die skrywer die tema oor?
- Verduidelik hoe die agtergrond/ruimte/milieu, karakters, intrige en/of die vertellersperspektief verband hou met die tema.
- Wat openbaar karakterkonflik van die tema van die roman?

#### Plot of intrige

- Bespreek konflik (innerlik en uiterlik) in die verhaal.
- Bespreek die ontwikkeling van die plot en toon aan hoe dit verband hou met die tema en karakter.
- Bespreek die struktuurelemente (karakter, tyd en ruimte, gebeure, verteller en tema) en die samehang van die verskillende onderdele van die roman.

#### Vertellersperspektief

- Watter vertellersperspektief (ek-verteller of derdepersoonsverteller) word gebruik?
- Watter rol speel die verteller in die verhaal?

#### Agtergrond (milieu/ruimte)

- Beskryf die agtergrond waarteen die verhaal afspeel.

© HENK VILJOEN, NB-UITGEWERS

- Verduidelik die verband tussen die karakter/s en die ruimte.
- Ondersteun die ruimte die karakteruitbeelding, atmosfeer, intrige en tema van die verhaal?

### Karakterisering

- Watter tegnieke word gebruik om die karakter/s uit te beeld?
- Beskryf die ontwikkeling wat die hoofkarakter/s ondergaan.
- Beskryf die innerlike en/of uiterlike konflik van die belangrikste karakters.
- Karakteriseer die hoof- en newekarakter/s. Noem elkeen se belangrikste karaktereienskappe.
- Vergelyk of kontrasteer karakters met mekaar.

**Skryf *een* van die volgende literêre opstelle (400 tot 450 woorde (roman); 250 tot 300 woorde (gedig) – 25 punte).**

- Bespreek die rol van die verteller in die uittreksel van *Somer*. Verduidelik die funksies van dié spesifieke verteller en bepaal watter rol dié verteller in die verhaalgebeure speel.
- Wat is die tema van dié roman? Verduidelik watter rol die tema in dié uittreksel ten opsigte van die verhaalgebeure en karakters speel.
- Verduidelik hoe die agtergrond waarteen dié roman afspeel met die karakters en/of tema verband hou.

**OF**

- Bespreek die gedig "Stedelinge" as sonnet. Verduidelik die bou van die gedig en hoe dit verband hou met die betekenisinhoud en verstegniese middele wat die digter gebruik het.

**Groepwerk:** Verdeel in groepe en bespreek die voorgeskrewe roman wat julle tans in die klas behandel. Lewer kommentaar oor elk van die hoofkenmerke soos in *In 'n neutedop* uiteengesit.

(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

## Mondelingeksamen

**Voordele**:

- Leerders reageer direk op die instrukteur se vrae.
- Die vrae verseker byna onmiddellike terugvoer.
- Dit bied 'n leergeleentheid terwyl die leerder getoets word.

**Nadeel**:

tydrowend.

(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

**Vul-die-ontbrekende-woord(**e) in vereis dat:

1. slegs 'n belangrike woord in 'n stelling uitgelaat word.
2. voltooiing geskied waar moontlik deur 'n enkele korrekte woord.
3. ontbrekende woorde deur dieselfde lengte … aangedui moet word, sodat dit nie 'n wenk vorm nie.
4. taalkundige wenke na die regte antwoord vermy moet word.
5. die ontbrekende gedeelte aan die einde van die vraag geplaas moet word.
6. gewaak moet word daarteen om 'n respons te vra voor die bedoeling/ betekenis van die stelling duidelik is.
7. direkte aanhalings/stellings uit die teksvermy moet word.

(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

- **Grafieke, tabelle en diagramme** bied waardevolle toetsing van die leerders se interpretasievermoë omtrent die inligting wat hul daarin lees.

- MAAR die klem moet altyd val om die inligting uit bg.tekste met die leerder se vermoë om taal in 'n spesifieke konteks te gebruik, te verbind.

(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

- **Transaksionele vrae** beskik oor 'n praktiese, kommunikatiewe doel en moenie met blote kreatiewe skryfwerk verwar word nie.
- **Transaksionele skryfwerk** sluit die volgende in: briewe, e-posse, verslae, dialoë, resensies, agendas en notules van vergaderings, fakse
- Elkeen het sy eie formaat en vereistes.
- Gebruik die riglyne om die formaat van transksionele tekste vas te lê.

(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

- Visuele geletterdheid  sluit o.a. films, televisieprogramme, (spot)prente, foto's, strokiesprente, reklameborde en advertensies in.
- <u>Filmstudie</u> is 'n moderne literêre vorm van analise van karakters, intrige, milleu...
- Daar word ook gekyk na film-effekte






(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

# VISUELE GELETTERDHEID

Foto's:

- Foto's mag gekoppel word aan 'n bepaalde gedeelte/raam in 'n film
- Dit sluit 'n studie van komposisie, lyn, beligting, kleur, kameraskote, -hoeke en –fokus in.



(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

# VISUELE GELETTERDHEID

**Strokiesprente:**

- is gewoonlik humoristies; tekening van 'n situasie met karakters, agtergrond, ruimte, taal, punktuasie, aksies en doelwit
- druk idees uit of vestig aandag op 'n situasie of welbekende persoon
- belig dikwels 'n aktuele sosiale of politieke probleem
- het soms ernstige of bitsige boodskappe
- kan karikatuuragtige sketse  of 'n reeks tekeninge bevat

(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

# VISUELE GELETTERDHEID

**Prente:**

- is basies dieselfde studie as die van foto's, met die uitsondering van kamera-effekte
- word ontleed in terme van komposisie, lyn, kleur, tekstuur, gebruik van lig en skadu
- gebruik perspektief en diepte om 'n illusie van afstand te suggereer
- bevat 'n fokuspunt

(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

# TEGNIESE VEREISTES

Na 'n vraestel opgestel is, moet gefokus word op die tegniese vereistes:

- ✓ Illustrasies moet in 'n duidelike volgorde geplaas wees
- ✓ Tik eerder oor as om in te skandeer/ te sny en plak
- ✓ 'n Slordige vraestel benadeel/ verwar die leerders
- ✓ Alle beeldmateriaal moet helder/ duidelik afdruk
- ✓ Deeglike redigering veronderstel geen foute nie!
- ✓ Sorg dat die vraestellengte en punteaanduiding korrek is
- ✓ Memorandums en matrikse moet aangeheg wees

(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

**AFMERKLYSIE:**

- Is vrae opgestel volgens: verskillende kognitiewe vlakke EN verskillende moeilikheidsgrade? (D.w.s is daar variasie en differensiasie in vraagstelling?)

- Is vrae toeganklik en relevant?
- Gebruik vrae kennis om vaardighede, waardes en houding aan te spreek?
- Fokus vrae op die belangrike inhoud?( Word onbelangrike onderwerpe/aspekte vermy?)
- Word die korrekte balans tussen die kognitiewe vlakke en moeilikheidsgraad van vrae gehandhaaf?
- Sluit vrae situasies en probleme oor die werklike lewe in?
- Is vrae uitdagend?
- Is vrae leerdervriendelik geformuleer?
- Word vrae in leerdervriendelike taal gevra? (is dit op die punt-af gevra?)
- Is opsionele vrae duidelik aangedui?
- Is aanhaling sonder vooroordeel? ( Sonder aanstoot t.o.v. geslag, ras, politiek, sosiaal en kultuur)
- Is spelling en taalgebruik korrek?
- Is punte korrek toegeken en aangedui?

(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

# MODERERING VAN VRAESTELLE

**Moderering verseker**:

- geldigheid,betroubaarheid en billikheid van vraestelle
- die kwaliteit van assessering en dat dit voldoende vir die taak is
- die vraestel/taak meet die bereiking van vaardighede wat in ooreenstemming met die KABV-dokument onderrig is
- die taak/vraestel wys die vlak waarvolgens die vaardigheid bereik/aangeleer is.

(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

Moderators op skoolvlak:

*moet kwaliteit kommentaar lewer oor bogenoemde vereistes*

*impliseer nie 'n afmerk/nasienoefening* nie

Ten opsigte van tale beteken dit die moderator moet kommentaar lewer oor:

- ✓ vlakke van vraagstelling en begripstoetsing
- ✓ herhaling van uitgebreide skryfwerk
- ✓ gehalte van assesseringsinstrumente en die ontwikkelingsgeleenthede gebied
- ✓ die onderwyser se bemoeienis met die leerders en -boeke
- ✓ bewyse van leerderprestasie

(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

- Moderering moet verseker dat punte eenvormig in alle klasse van 'n graad asook alle grade in die fase toegeken is
- Vakhoofde moet dus op 'n gereelde basis interne moderering toepas
- 'n Modereringsafmerklysie is nuttig:
- Voldoen aan tegniese kriteria
- Inhoud gedek
- Kognitiewe vlakke/vaardighede in ag geneem
- Nasienriglyne gevolg

(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS




(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS

**"ENTOESIASME IS :**

**OPGEWONDENHEID TESAME MET INSPIRASIE, MOTIVERING EN 'N TITSIE KREATIWITEIT"**

***Bo Bennett***




(C) HENK VILJOEN. NB-UITGEWERS